    - 'n Geskiedenis van abnormale hartritme
- Indien jy ander medisyne gebruik wat lei tot 'n abnormale hartklop en/of ritmegrafiek (EKG), bv. verlengde "QT-interval".
- Indien jy met 'n vergroting of 'uitbulting' van 'n groot bloedvat (aorta-aneurisme of groot perifere bloedvat-aneurisme) gediagnoseer is.
- Indien jy reeds 'n aorta-disseksie ('n skeur in die aortawand) gehad het.
- Indien jy met lekkende hartkleppe (hartklep ontoereikendheid) gediagnoseer is.

- Indien jy 'n familiegeskiedenis van aorta-aneurismes, aortadisseksie of aangebore hartklepgebrek, of ander risikofaktore of predisponerende siektetoestande het (bv. bindweefselsiektes soos Marfan-sindroom of Ehlers-Danlos-sindroom, Turner-sindroom, Sjögren-sindroom ['n inflammatoriese outo-immuunsiekte], of vaskulêre siektes soos Takayasu-arteritis, reuse-sel arteritis, Bechet se siekte, hoë bloeddruk of bekende arteriosklerose, rumatoïede artritis ['n siekte van die gewrigte] of endokarditis ['n infeksie van die hart]).
- Indien jy miastenie gravis het (abnormale spiermoegheid wat tot swakheid en in ernstige gevalle verlamming lei).
- **Indien jy of jou kind jonger as 18 jaar is.**
- Indien jy matig-tot-ernstige belemmerde nierfunksie het en behandel word met AOE-inhibitore/angiotensienreseptorblokkers. Vra jou dokter as jy nie seker is nie.

Waarskuwings en voorsorgmaatreëls

<u>Wees veral versigtig vir MOXIFLOXACIN FRESENIUS</u>

- MOXIFLOXACIN FRESENIUS kan sekere veranderinge in die EKG (elektroniese opname van die hart) veroorsaak, veral as jy vroulik is of as jy bejaard is. Indien jy tans ander medisyne neem wat jou bloedkaliumvlakke kan verminder. Indien jy op enige tydstip tydens die behandeling hartkloppings of 'n onreëlmatige hartklop ervaar, lig jou dokter asseblief dadelik in. Indien nodig, sal hy/sy 'n EKG doen om die patroon van jou hartklop te bepaal.
- Lig jou dokter in van enige ander medisyne wanneer dit saam met MOXIFLOXACIN FRESENIUS geneem word, insluitend oor-die-toonbank/nie-voorskrif medisyne.
- MOXIFLOXACIN FRESENIUS kan hipersensitiwiteit (allergiese) reaksies ('n anafilaktiese reaksie/skok) veroorsaak, selfs met die eerste dosis, wat lewensgevaarlik kan wees of lewensgevaarlike skok kan veroorsaak. Staak MOXIFLOXACIN FRESENIUS by die eerste teken van 'n veluitslag of ander tekens (benoude bors, duiseligheid, naarheid of floute, of as jy duiselig voel wanneer jy opstaan) wat dui op 'n allergiese reaksie. In hierdie gevalle

moet MOXIFLOXACIN FRESENIUS dadelik gestaak word en toepaslike mediese behandeling ingestel word.

- Indien jy skielike, erge pyn in jou buik, bors of rug voel, wat simptome van 'n aorta-aneurisme of disseksie kan wees, gaan onmiddellik na die noodafdeling. Jou risiko kan verhoog word as jy met sistemiese kortikosteroïede behandel word.
- Indien jy skielik kortasemigheid ervaar, veral wanneer jy plat in die bed lê, of as jou enkels, voete of maag swel, of as jy nuwe hartkloppings begin kry (gevoel van 'n vinnige of onreëlmatige hartklop), moet jy dadelik 'n dokter kontak.
- MOXIFLOXACIN FRESENIUS kan 'n vinnige en ernstige ontsteking van die lewer veroorsaak wat tot lewensgevaarlike lewerversaking kan lei (insluitend sterfgevalle). Lig asseblief jou dokter in voordat jy voortgaan met die behandeling as jy tekens ontwikkel soos om skielik ongesteld en/of naar te voel en as dit gepaardgaan met geel verkleuring van die oogwitte, donker urien, jeukerige vel, 'n neiging om te bloei.
- **Ernstige velreaksies:**

  Lig jou dokter in **voordat jy MOXIFLOXACIN FRESENIUS ontvang**, indien jy al ooit 'n erge veluitslag of velafskilfering, blase en/of mondsere ontwikkel het nadat jy moksifloksasien geneem het.

  Met die gebruik van MOXIFLOXACIN FRESENIUS is ernstige velreaksies, insluitend Stevens-Johnson-sindroom, toksiese epidermale nekrolise, en akute veralgemeende eksanteemagtige pustulose (AGEP) en geneesmiddelreaksie met eosinofilie en sistemiese simptome (DRESS) met die gebruik van moksifloksasien, soos in MOXIFLOXACIN FRESENIUS, aangemeld.

  - SJS/TEN kan aanvanklik verskyn as rooierige, teiken-agtige vlekke of ronde kolle, dikwels met blase in die middel van die romp. Daarbenewens kan sere in die mond, keel, neus, geslagsorgane en oë (rooi en geswelde oë) voorkom. Hierdie ernstige veluitslag word dikwels voorafgegaan deur koors en/of griepagtige simptome. Die uitslag kan vorder tot uitgebreide afskilfering van die vel en lewensbedreigende komplikasies, of dit kan noodlottig wees.

- AGEP verskyn by die aanvang van behandeling as 'n rooi, skubberige wydverspreide uitslag met knoppe onder die vel en blase, gepaardgaande met koors. Die mees algemene ligging: hoofsaaklik gelokaliseer op die velvoue, romp en boonste ledemate.

- DRESS presenteer aanvanklik met griepagtige simptome en 'n uitslag op die gesig, dan 'n wydverspreide uitslag met hoë liggaamstemperatuur, verhoogde lewerensieme in bloedtoetse en 'n toename in 'n sekere tipe witbloedsel (eosinofilie) en vergrote limfknope.

- Indien jy 'n ernstige uitslag of een van hierdie velsimptome ontwikkel, moet jy dadelik jou dokter kontak en die behandeling met MOXIFLOXACIN FRESENIUS moet gestaak word.

- Stuiptrekkings (toevalle) is met die gebruik van MOXIFLOXACIN FRESENIUS aangemeld en jy moet nie MOXIFLOXACIN FRESENIUS ontvang as jy 'n geskiedenis hiervan het nie en jy moet nie voortgaan met behandeling as jy toevalle kry terwyl jy MOXIFLOXACIN FRESENIUS ontvang nie.
- Indien jy diarree ontwikkel terwyl jy MOXIFLOXACIN FRESENIUS ontvang, sal jou behandeling gestaak word. In hierdie situasie moet jy nie medisyne ontvang of gebruik wat jou stoelgang stop of vertraag nie (sien afdeling “Jy moet nie MOXIFLOXACIN FRESENIUS ontvang nie”).
- MOXIFLOXACIN FRESENIUS kan tendon (ligament) pyn, inflammasie (tendinitis) of skeuring van 'n tendon veroorsaak, tydens behandeling en tot etlike maande nadat MOXIFLOXACIN FRESENIUS behandeling gestaak is. Die Achilles-tendon (die haksening) word die algemeenste aangetas. Die risiko van inflammasie en skeuring van die tendons word verhoog as jy bejaard is of as jy tans met kortikosteroïede behandel word. By die eerste teken van enige pyn of ontsteking van die tendon, staak behandeling; rus en weerhou jou van oefening; en lig jou dokter dadelik in. Dit kan weke of maande neem vir jou tendons, spiere en gewrigte om te genees, en hulle sal dalk nie ten volle herstel tot die toestand waarin hulle voor die behandeling was nie (sien afdeling "Jy moet nie MOXIFLOXACIN FRESENIUS ontvang nie").
- Lig die dokter of laboratoriumpersoneel in dat jy MOXIFLOXACIN FRESENIUS ontvang as jy 'n bloed- of urienmonster moet verskaf.

- MOXIFLOXACIN FRESENIUS kan die interpretasie van diagnostiese kultuurtoetse vir tuberkulose beïnvloed.
- Jou vel kan meer gevoelig raak vir sonlig of UV-lig as jy MOXIFLOXACIN FRESENIUS ontvang. Vermy langdurige blootstelling aan sonlig en moenie sonbeddens gebruik of enige ander UV-lamp terwyl jy MOXIFLOXACIN FRESENIUS ontvang nie. Indien 'n sonbrand-agtige reaksie of veluitslag voorkom, kontak jou dokter (sien afdeling 4, Moontlike newe-effekte).
- Jy kan simptome van neuropatie soos pyn, branderigheid, prikkelgevoel, gevoelloosheid en/of swakheid in jou ledemate ervaar. Indien dit gebeur, moet behandeling met MOXIFLOXACIN FRESENIUS gestaak word en jy moet dadelik jou dokter kontak. Die herstelproses van jou senuweesiekte kan weke of maande duur en jy sal dalk nie heeltemal herstel tot jou voorbehandelingstoestand nie (sien afdeling “Jy moet nie MOXIFLOXACIN FRESENIUS ontvang nie”).
- Jy kan geestesgesondheidsprobleme ervaar wanneer jy MOXIFLOXACIN FRESENIUS vir die eerste keer ontvang.

  Depressie of geestesgesondheidsprobleme kan vorder tot gedagtes oor selfdood of selfdoodpogings. Indien dit gebeur, moet behandeling met MOXIFLOXACIN FRESENIUS gestaak word en jy moet dadelik jou dokter kontak (sien afdeling "Jy moet nie MOXIFLOXACIN FRESENIUS ontvang nie").
- Indien jy ly aan miastenie gravis ('n tipe spierswakheid) moet jy nie MOXIFLOXACIN FRESENIUS ontvang nie want dit kan jou siekte vererger (sien afdeling: "Jy moet nie MOXIFLOXACIN FRESENIUS ontvang nie").
- Indien jy 'n diabeet is, raadpleeg jou dokter voordat jy MOXIFLOXACIN FRESENIUS ontvang, want jy kan die risiko loop van 'n verandering in jou bloedsuikervlakke met MOXIFLOXACIN FRESENIUS.

  MOXIFLOXACIN FRESENIUS kan 'n toename in jou bloedsuikervlakke veroorsaak tot bo die normale vlakke (hiperglukemie), of verlaging van jou bloedsuikervlakke tot onder die normale vlakke (hipoglukemie), wat moontlik kan lei tot verlies van bewussyn

(hipoglukemiese koma) in erge gevalle (sien afdeling 4 Moontlike newe-effekte). Indien jy ly aan diabetes moet jou bloedsuiker noukeurig dopgehou word.

- Indien jy matig-tot-ernstige verswakte nierfunksie het, of as jy bejaard is en behandel word met AOE-inhibitore/angiotensien-reseptorblokkers om jou bloeddruk te beheer, aangesien dit verdere skade aan jou niere kan veroorsaak (sien afdeling “Jy moet nie MOXIFLOXACIN FRESENIUS ontvang nie"). Jou nierfunksie sal voor en tydens die behandeling gekontrolleer word indien jy fluoorkinoloon antibiotika ontvang en AOE-inhibitore/ angiotensien-reseptorblokkers om jou bloeddruk te beheer.

Ander medisyne en MOXIFLOXACIN FRESENIUS

Lig altyd jou gesondheidsorgverskaffer in as jy enige ander medisyne neem. (Dit sluit alle komplementêre of tradisionele medisyne in.)

- Indien jy MOXIFLOXACIN FRESENIUS ontvang en ander medisyne wat jou hart kan aantas, is daar 'n verhoogde risiko dat die kloptempo van jou hart of hartritme kan verander. Jy moet dus jou dokter inlig as jy enige medisyne neem wat tot die groep anti-disritmiese middels behoort (medisyne om jou hartritme-afwykings te behandel), antipsigotika (gebruik vir skisofrenie), trisikliese antidepressante, sommige antimikrobiese middels (wat behoort tot die groep makroliede).
- Jy moet jou dokter inlig indien jy ander medisyne gebruik wat jou bloedkaliumvlakke kan verlaag (bv. sommige diuretika, sommige lakseermiddels en enemas, kortikosteroïede (medisyne om inflammasie te behandel of jou immuunstelsel (verdediging) te onderdruk), of amfoterisien B) of medisyne wat 'n stadige hartklop kan veroorsaak omdat hierdie medisyne ook die risiko om ernstige hartritmestoornisse te ontwikkel terwyl MOXIFLOXACIN FRESENIUS ontvang word, kan verhoog.
- Indien jy NSAIG’s (niesteroïdale anti-inflammatoriese geneesmiddels), gebruik vir pyn en ontsteking, neem. Voorbeelde sluit in ibuprofeen, indometasien, diklofenak. Indien jy hierdie medisyne saam met MOXIFLOXACINE FRESENIUS neem, is die kans groter dat jy 'n 'n toeval (aanval) kry.

- Indien jy digoksien neem (gebruik om sekere hartprobleme te beheer). Wanneer dit gelyktydig gebruik word, verhoog moksifloksasien die effek van digoksien. Jou dokter sal jou dalk meer deeglik wil moniteer.
- Indien jy tans mondelike antistolmiddels neem (soos warfarien, 'n medisyne wat voorkom dat bloed stol), sal jou dokter dalk jou bloedstollingstye moet monitor.
- Lig jou dokter in as jy behandel word met AOE-inhibitore/angiotensien-reseptorblokkers om jou bloeddruk te beheer, aangesien dit bykomende skade aan jou niere kan veroorsaak.
- Indien jy glibenklamied neem ('n antidiabetiese medisyne), lig jou dokter in, want moksifloksasien kan die effek van glibenklamied verminder en jou dokter sal jou moontlik meer noulettend wil moniteer.

Swangerskap, borsvoeding en vrugbaarheid

Indien jy swanger is of borsvoed, dink jy is dalk swanger, of beplan om 'n baba te hê, raadpleeg asseblief jou dokter, apteker of ander gesondheidsorgverskaffer voordat jy MOXIFLOXACIN FRESENIUS ontvang.

Swangerskap

Indien jy swanger is moet jy nie MOXIFLOXACIN FRESENIUS ontvang nie. Veiligheid tydens swangerskap is nie vasgestel nie. Beserings aan gewrigte is met kinoloon-tipe medisyne, wat moksifloksasien (soos in MOXIFLOXACIN FRESENIUS) insluit, aangemeld.

In studies met diere is toksiese effekte op voortplanting aangemeld.

Borsvoeding

Indien jy MOXIFLOXACIN FRESENIUS ontvang, moet jy nie jou baba borsvoed nie, want moksifloksasien word in menslike borsmelk uitgeskei. Daar was aangetoon dat moksifloksasien, soos in MOXIFLOXACIN FRESENIUS, letsels in die kraakbeen (bindweefsel) tussen die gewigdraende gewrigte van jong diere veroorsaak.

Vrugbaarheid

Geen inligting beskikbaar nie.

Bestuur en die gebruik van masjinerie

MOXIFLOXACIN FRESENIUS kan jou vermoë om te bestuur en masjinerie te hanteer aantas. MOXIFLOXACIN FRESENIUS kan jou duiselig of lighoofdig maak, jy kan 'n skielike, tydelike verlies van visie ervaar, of vir 'n klein rukkie flou word.

MOXIFLOXACIN FRESENIUS bevat natrium

MOXIFLOXACIN FRESENIUS bevat 747,5 mg (32,5 mmol) natrium (as asetaat en as sulfaat). Indien jy op 'n beperkte sout dieet is, lig asseblief dadelik jou dokter in.

3. Hoe om MOXIFLOXACIN FRESENIUS te gebruik

MOXIFLOXACIN FRESENIUS is 'n oplossing vir infusie.

Jou dokter sal die regte dosis vir jou siektetoestand voorskryf.

Die duur van jou behandeling sal deur jou dokter bepaal word. MOXIFLOXACIN FRESENIUS sal in een van jou are toegedien word.

MOXIFLOXACIN FRESENIUS sal altyd deur 'n dokter of gesondheidsorgkundige aan jou toegedien word.

Indien jy meer MOXIFLOXACIN FRESENIUS ontvang het as wat jy moes

Aangesien 'n gesondheidsorgverskaffer MOXIFLOXACIN FRESENIUS sal toedien, sal hy/sy die dosis beheer. In geval van oordosering sal jou dokter egter die oordosering hanteer.

Indien jy 'n dosis van MOXIFLOXACIN FRESENIUS oorslaan

Aangesien 'n gesondheidsorgverskaffer MOXIFLOXACIN FRESENIUS sal toedien, is dit onwaarskynlik dat 'n dosis oorgeslaan sal word.

Indien jy ophou om MOXIFLOXACIN FRESENIUS te gebruik

Jy moet altyd jou dokter raadpleeg voordat jy besluit om die behandelingskursus te onderbreek of heeltemal op te hou om MOXIFLOXACIN FRESENIUS te ontvang.

4. Moontlike newe-effekte

MOXIFLOXACIN FRESENIUS kan newe-effekte hê.

Nie alle newe-effekte wat vir MOXIFLOXACIN FRESENIUS aangemeld is, is by hierdie inligtingsblad ingesluit nie. Indien jou algemene gesondheid verswak of jy enige ongunstige effekte ondervind terwyl jy MOXIFLOXACIN FRESENIUS ontvang, raadpleeg asseblief jou gesondheidsorgverskaffer.

Indien enige van die volgende gebeur, hou op om MOXIFLOXACIN FRESENIUS te ontvang en lig jou dokter dadelik in:

- angio-edeem (vinnige swelling van die vel en slymvliese van die gesig, lippe, tong of keel, met probleme om asem te haal);
- anafilaktiese reaksie/skok, dit is 'n skielike, erge allergiese reaksie wat vinnig begin. Simptome van 'n anafilaktiese reaksie sluit in: duiseligheid (voel duiselig, naar of flou, of duiseligheid as jy opstaan), benoudheid in die bors, verlies van bewussyn, moeilike asemhaling, swelling van die gesig, lippe, tong, keel en lugweë (asemhalingskanale), blou vel, lae bloeddruk, hartversaking, en dit kan noodlottig wees;
- skielike erge pyn in jou bors, buik (maag) of rug;
- erge duiseligheid, floute, vinnige of stampende hartklop;
- skielike pyn, breek- of plofgeluid, kneusing, swelling, gevoeligheid, styfheid of verlies van beweging in enige van jou spiere, ligamente of gewrigte;
- Gevalle van verwyding of verswakking van die aortawand of skeuring van die aortawand (aneurismes en disseksies) wat kan bars en noodlottig kan wees, en lekkende hartkleppe is by pasiënte wat fluoorkinolone ontvang aangemeld. Sien ook afdeling 2;
- verlies van bewussyn weens erge afname in bloedsuikervlakke (hipoglukemiese koma);
- diarree wat waterig of bloederig is;
- verwardheid, hallusinasies, depressie, ongewone gedagtes of gedrag;
- stuipe (stuiptrekkings);

- bleek of vergeelde vel, donker gekleurde urien, koors, swakheid;
- urineer minder as gewoonlik of glad nie;
- kneus of bloei maklik;
- gevoelloosheid, prikkelgevoel, of ongewone pyn op enige deel van jou liggaam;
- die eerste teken van enige veluitslag, ongeag hoe lig; of erge veluitslag insluitend Stevens-Johnson-sindroom en toksiese epidermale nekrolise. Dit kan voorkom as rooierige, teiken-agtige kolle of sirkelvormige kolle, dikwels met blase in die middel, op die romp, afskilfering van die vel, sere in die mond, keel, neus, geslagsdele en oë en kan gepaard gaan met koors en griepagtige simptome (moontlik lewensgevaarlik);
- Sindroom wat geassosieer word met verswakte wateruitskeiding en lae natriumvlakke (SIADH).

<u>Gereelde newe-effekte sluit in</u>

- Infeksies veroorsaak deur swamme (mondelike en vaginale infeksies/sproei veroorsaak deur Candida)
- Anemie (lae rooibloedseltelling), leukopenie (lae witbloedseltelling), neutropenie (lae aantal spesiale witbloedselle - neutrofiele), trombositopenie (afname of toename van spesiale selle nodig vir bloedstolling), verlengde protrombientyd of verhoogde INR (verminderde bloedstolling)
- Allergiese reaksies, pruritus (jeuk), uitslag, urtikarie (netelroos op die vel), bloed-eosinofilie (verhoogde gespesialiseerde witbloedselle - eosinofiele)
- Verhoogde lipiede/vette in bloed
- Angsreaksies, rusteloosheid/onrustigheid
- Hoofpyn, duiseligheid, par- en disestesie (prikkelende sensasie (speld-en-naaldprikkels) en/of gevoelloosheid), smaakversteuring of smaakverlies, verwarring en disoriëntasie, slaapversteuring, tremor (bewerigheid), vertigo (gevoel van duiseligheid, spin of omval), lomerigheid (slaperigheid)

- Gesigsversteurings insluitend dubbele en dowwe visie
- QT-verlenging by pasiënte met hipokalemie (vertraagde elektriese hersteltyd binne die hart, soos getoon deur die EKG by pasiënte met 'n lae bloedkaliumvlak), QT-verlenging (vertraagde elektriese hersteltyd binne die hart, aangetoon deur die EKG), hartkloppings (onreëlmatige hartklop), tagikardie (vinnige hartklop), vasodilatasie (verwyding van die bloedvate)
- Dispnee (moeilike asemhaling, insluitend asma)
- Naarheid, braking, maagdermkanaal- en buikpyn, diarree, verminderde eetlus en voedselinname, hardlywigheid, dispepsie (omgekrapte maag, swak spysvertering en/of sooibrand), flatulensie (winderigheid), gastroënteritis (inflammasie van die maag), verhoogde amilase ('n spesiale spysverteringsensiem in die bloed)
- Toename in transaminases ('n spesiale lewerensiem in die bloed), swak lewerfunksie, insluitend LDH-verhoging ('n spesiale lewerensiem in die bloed), toename van bilirubien in die bloed, toename van gammaglutamieltransferase en/of alkaliese fosfatase in die bloed (spesiale lewerensieme in die bloed)
- Artralgie (spierpyn), mialgie (spierpyn)
- Dehidrasie (veroorsaak deur diarree of verminderde vloeistofinname)
- Ongesteld voel (hoofsaaklik swakheid of moegheid), onspesifieke pyne en skete soos rug-, bors-, bekken- en ledemaatpyne, sweet

<u>Minder gereelde newe-effekte sluit in</u>

- Abnormale tromboplastienvlak (spesiale ensiem in die bloed betrokke by bloedstolling), veranderinge in die protrombienvlak en INR (verhoogde of abnormale bloedstolling)
- 'n Daling in die aantal rooi- en witbloedselle en plaatjies (pansitopenie)
- Anafilaktiese reaksie (erge, skielike allergiese reaksie, byvoorbeeld probleme met asemhaling, daling van bloeddruk, vinnige polsslag), angio-edeem (swelling van die gesig, lippe, tong, keel en lugweg), anafilaktiese skok (wat lewensgevaarlik kan wees)

- Bloedglukose afwykings (hoë bloedsuiker - hiperglukemie of lae bloedsuiker - hipoglukemie), hiperurisemie (verhoogde bloeduriensuur)
- Depressie, hallusinasies, voel of jy nie jouself is nie, psigotiese reaksies (kan moontlik lei tot selfskade, soos gedagtes om jou eie lewe te neem, of selfdoodpogings)
- Vel voel minder gevoelig, reukversteurings, abnormale drome, versteurde koördinasie weens duiseligheid of vertigo (kan lei tot val met beserings), aanvalle (toevalle), versteurde aandag, verswakte spraak, amnesie (gedeeltelike of totale verlies van geheue), perifere neuropatie en poli-neuropatie (probleme wat met die senuweestelsel geassosieer word soos pyn, brandgevoel, tinteling, gevoelloosheid en/of swakheid van die ledemate), vel word meer gevoelig
- Tydelike sigverlies
- Gesuis in die ore (tinnitus), verswakte gehoor insluitend doofheid (gewoonlik omkeerbaar)
- Abnormale vinnige hartritme, sinkopee (floute), hoë bloeddruk, lae bloeddruk, ongespesifiseerde abnormale hartritme, Torsades de Pointes (lewensgevaarlike onreëlmatige hartklop), hartstilstand (stop van hartklop)
- Disfagie (sukkel om te sluk), stomatitis (ontsteking van die mond), antibiotika-geassosieerde kolitis (erge diarree wat bloed en/of slym bevat, wat lewensgevaarlik kan wees)
- Geelsug (geel verkleuring van die oogwitte of vel), hepatitis (ontsteking van die lewer), erge inflammasie van die lewer (wat moontlik tot lewensgevaarlike lewerversaking kan lei)
- Tendinitis (pyn en swelling van die tendons), verhoogde spiertonus en krampe, spierswakheid, tendon-skeuring, artritis (ontsteking van gewrigte), manier van loop aangetas (veroorsaak deur spier-, tendon- of gewrigsimptome), verergering van die simptome van miastenie gravis
- Verswakking of versaking van die niere (weens ontwatering)
- Edeem (swelling van die hande, voete, enkels, lippe, mond, keel)

Onbekend (frekwensie kan nie uit die beskikbare data geskat word nie)

- 'n Rooi, skubberige wydverspreide uitslag met knoppe onder die vel en blase, gepaardgaande met koors by aanvang van behandeling (akute veralgemeende eksanteemagtige pustulose)
- Wydverspreide veluitslag, hoë liggaamstemperatuur, verhoogde lewerensieme, veranderinge in bloedtelling (eosinofilie), vergrote limfknope en ander liggaamsorgane aangetas (geneesmiddelreaksie met eosinofilie en sistemiese simptome, ook bekend as DRESS of geneesmiddel-hipersensitiwiteitsindroom)
- Verhoogde gevoeligheid van die vel vir sonlig of UV-lig (sien ook afdeling 2, Waarskuwings en voorsorgmaatreëls)
- Skerp afgebakende, eritemateuse kolle met/sonder blase wat binne 'n paar uur na toediening van moksifloksasien ontwikkel en genees met post-inflammatoriese oorblywende hiperpigmentasie; dit verskyn gewoonlik weer op dieselfde plek op die vel of slymvlies by herblootstelling aan moksifloksasien
- Spierswakheid, gevoeligheid of pyn, en veral as jy terselfdertyd sleg voel, 'n hoë koors of donker urien het. Hierdie simptome kan veroorsaak word deur abnormale spierafbraak, wat lewensgevaarlik kan wees en tot nierprobleme ('n toestand genoem rabdomiolise) kan lei

Die volgende newe-effekte is meer dikwels waargeneem by pasiënte wat binneaars en daarna oraal behandel was:

- Verhoogde gammaglutamieltransferase ('n lewerensiem in die bloed), abnormale vinnige hartritme, lae bloeddruk, edeem (swelling van die hande, voete, enkels, lippe, mond of keel), antibiotikum-geassosieerde kolitis (erge diarree wat bloed en/of slym bevat), toevalle (aanvalle), hallusinasies, verswakking en versaking van niere.

Indien jy enige newe-effekte ondervind wat nie in hierdie inligtingsblad genoem word nie, lig asseblief jou dokter of apteker in.

Aanmelding van newe-effekte

Indien jy newe-effekte ondervind, bespreek dit met jou dokter, apteker of verpleegster. Jy kan ook newe-effekte aan SAHPRA rapporteer via die Med Safety APP (Medsafety X SAHPRA) en die eReporting-platform (who-umc.org) op die SAHPRA webwerf. Deur newe-effekte aan te meld, kan jy help om meer inligting rakende die veiligheid van MOXIFLOXACIN FRESENIUS te verskaf.

Gesondheidsorgverskaffers word gevra om enige vermoedelike ongunstige newe-effekte van geneesmiddels aan die Houer van die Registrasiesertifikaat by die volgende e-posadres aan te meld: safety.fksa@fresenius-kabi.com, en by die betrokke medisyne se regulatoriese owerheid in die land waarin die produk bemark word.

5. Hoe om MOXIFLOXACIN FRESENIUS te bewaar

Bewaar alle medisyne buite bereik van kinders.

Bewaar by of onder 30 °C in die oorspronklike verpakking en beskerm teen lig (hou sakke in hul omhulsels totdat dit benodig word vir gebruik). Moenie onder 15 °C bewaar nie. By temperature onder 15 °C kan neerslag voorkom, wat weer sal oplos by kamertemperatuur (15 °C tot 25 °C). Dit word dus aanbeveel dat die infusie nie in die yskas bewaar word nie. Beskerm teen lig. Hou die flexibags in die omhulsel/sak, of die bottels in die kartonhouers totdat dit benodig word vir gebruik.

MOXIFLOXACIN FRESENIUS moet voordat dit toegedien word eers visueel ondersoek word vir deeltjies. Slegs helder oplossings sonder deeltjies moet gebruik word.

6. Inhoud van die pakkie en ander inligting

Wat MOXIFLOXACIN FRESENIUS bevat

Die aktiewe bestanddeel is moksifloksasien. Elke sak/bottel bevat 400 mg moksifloksasien (as hidrochloried).

Die ander bestanddele is: Natriumasetaat-trihidraat, dinatriumsulfaat, water vir inspuiting, swaelsuur (vir pH-instelling). (Kyk afdeling "MOXIFLOXACIN FRESENIUS bevat natrium").

Hoe MOXIFLOXACIN FRESENIUS lyk en inhoud van die pakkie

MOXIFLOXACIN FRESENIUS is 'n deursigtige, geel oplossing.

Twee verpakkings word aangebied:

- 300 mL Poli-olefiensakke **(Free*flex*®)** sakke met 'n polipropileenpoort, verseël in 'n aluminiumfoelie buitesak.

- Die ***KabiPac***® verpakkingstelsel bestaan uit 'n primêre houer van 250 mL laedigtheid poliëtileen blaas-vul-seëlbottel. Die houer se kop word beskerm deur bedekking met 'n sekondêre verpakking wat uit HDPE/LDPE bestaan.

Verpakkingsgroottes: 1, 10, 20, 25 en 40.

Nie alle verpakkingsgroottes word noodwendig bemark nie.

Houer van die Registrasiesertifikaat

FRESENIUS KABI SOUTH AFRICA (PTY) LTD

Erf 7, Growthpoint Business Park

Tonettistraat 162

Halfway House extension 7

Midrand

Gauteng

1685

Telefoonnommer: (011) 545 0000

Hierdie inligtingsblad was voorheen hersien op

06 Augustus 2024

Registrasienommer

49/20.1.1/0675

Toegang tot die ooreenstemmende Professionele Inligting

Die professionele inligting sal gedruk word en saam met die produk verpak word.